

Die Seun is verhewe bo die engele (I) (OP74)

Heb 1:4-6

30 Januarie 2022

Die afgelope 2 weke het ons stil gestaan by die eerste 3 verse van Heb 1. Ons het gesien dat God in die laaste dae deur die Seun gepraat het. Verder het ons ook na daardie kompakte beskrywing van die grootheid van die Seun van God gekyk. Ons het gesien Hy is die Erfgenaam van alles, Hy is die Skepper van alles, Hy straal die heerlijkheid van God uit en is ook die ewebeeld van die wese van God, Hy hou alles in stand, Hy het die reiniging van sondes bewerk en toe gaan sit aan die regterhand van die Vader.

Laat my toe om die volgende opmerking te maak: Wanneer ons na die grootheid van die Seun kyk, is daar baie aspekte waarna ons kan kyk – soos wat ons laasweek gesien het toe ons na daardie sewe stellings gekyk het. Ons kan hierdie aspekte in twee groepe verdeel. Daar is sekere aspekte van Sy grootheid wat altyd waar was en wat ook vir altyd waar sal wees – dit is die aspekte wat tipies Sy wese beskryf. Dink aan Joh 1 wat ons leer dat Hy alreeds van die begin af by God was, en dat Hy toe alreeds God was. Die Seun is God – Hy was dit nog altyd en sal dit ook altyd wees. Maar daar is ander aspekte wat spesifiek na Sy rol as Middelaar verwys, byvoorbeeld die feit dat Hy reiniging van sondes bewerk het. Daar was 'n tyd wat dit nog nie waar was nie – die tyd voor Sy kruisiging. Daar was 'n tyd wat Hy nog nie aan die regterhand van die Vader gaan sit het nie. Maar dit beteken nie dat Hy nie toe alreeds God was nie. Daar is dus ontwikkeling in sekere aspekte wat Sy heerlijkheid beskryf – veral die aspekte wat verband hou met Sy rol as Middelaar. Die res van Heb 1 gaan voort om die grootheid van die Seun te beskryf – maar dit gaan grotendeels fokus op aspekte wat geassosieer is met Sy rol as Middelaar, soos wat ons sal sien.

In die sewe stellings waarna ons laasweek gekyk het, is die heerlijkheid van die Seun beskryf in 7 absolute stellings – soos Hy is die Skepper, die Erfgenaam, die ewebeeld van God se wese. Vanaf vers 4 verander die skrywer se aanslag. Hy wil nou die grootheid van die Seun onderstreep deur die Seun te vergelyk met iemand anders. In die res van hoofstuk 1 (en selfs tot die einde van hoofstuk 2) is sy argument dat die Seun heerliker, meer verhewe of uitnemender is as die engele. Ons gaan nie vandag by die hele argument stilstaan nie, maar slegs fokus op verse 4-6, en as die Here wil volgende keer daarmee voortgaan.

Hoekom soveel klem om te wys dat die Seun verhewe is bo die engele?

Soos wat ons uit die detail sal sien, beredeneer die skrywer die verhewendheid van die Seun bo die engele vanuit verskillende hoeke. Dit laat die vraag ontstaan oor hoekom hy soveel moeite met juis die engele maak? Onthou, hy skryf aan Joodse gelowiges wat druk ervaar het om terug te keer na die Joodse geloof. Die Jode het 'n hoë dunk gehad van die engele. Uit Gal 3:19 is dit duidelik dat engele betrokke was met die gee van die wet in die Ou Testament. Die engele het die wet aan 'n tussenganger gegee – die tussenganger was natuurlik Moses. God het die wet deur engele aan Moses gegee. Hand 7:53 bevestig dit. Die presiese detail is nie vir ons bekend nie. Natuurlik was die wet van Moses vir die Jode baie belangrik, en hulle het ook 'n hoë agting vir Moses gehad. Maar siende dat die engele aan Moses die wet gegee het, het hulle gevolglik ook 'n hoë agting vir die engele gehad. As die Hebreërskrywer nou aan die gelowiges kan bewys dat die Seun nog meer verhewe is as die engele, moet dit vir hulle as motivering dien om in die Christelike geloof te volhard.

Ons leer heelwat van die engele in die Bybel. In Ps 103:20 leer ons dat hulle magtige wesens is wat die opdragte van God uitvoer. In Ps 104:4 word hulle beskryf as God se boodskappers wat deur die

winde en vlamme van vuur werk. Mat 24:36 beskryf dat hulle in die hemel woon. Trouens in Dan 7:10 asook in Op 5:11 lees ons van die miljoene der miljoene engele om God se troon. Die doel van die Hebreërskrywer is egter om te bewys dat al is die engele hierdie magtige wesens wat om God se troon is en wat Sy boodskappers is en Sy opdragte uitvoer – die Seun is ver verhewe bo hulle!

Die Seun is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat Hy geërf het, voortrefliker is as hulle naam (Heb 1:4)

Pink sê vers 4a kan gesien word as die teks van 'n preek, en die res van hoofstuk 1 as die preek self, waarin die skrywer wil bewys dat vers 4a waar is. Die teks is dus: Die Seun is verhewe bo die engele, en die res van die hoofstuk bewys hierdie stelling. Dit is egter belangrik om raak te sien dat alhoewel ons sê vers 4 vorm 'n geheel met die verse wat daarna volg, alhoewel ons laasweek tot by vers 3 hanteer het, en nou vers 4 en verder as 'n nuwe deel beskou, is daar baie nou verband tussen verse 3 en 4. Trouens in die OAV is verse 3 en 4 een sin, en vers 4 begin met "terwyl". Die ESV vertaal dit ook as een sin. Ons sal dus vers 3 in gedagte moet hou as ons die argument wil verstaan.

Die NAV sê net "Die Seun is verhewe bo die engele", maar die OAV sê "Hy het uitnemender geword as die engele", die ESV sê "having become superior to the angels". Jy sien die punt in die OAV as jy verse 3 en 4 saam lees: Die Seun is verhoog na Hy reiniging van sondes bewerk het, deurdat Hy toe die troon bestyg het en gaan sit het aan die regterhand van die Vader – en in die proses hiervan het Hy uitnemender geword as die engele. Lees saam met my Fil 2:6-9a. Hierdie is bekende woorde. Die betekenis hiervan is dat Jesus Homself verneder het toe Hy mens geword het. Hy het Homself verneder om aan mense gelyk te word. Hy het Homself verder verneder deur selfs aan die kruis te gaan hang. Maar dit, hierdie gehoorsaamheid tydens Sy vernedering tot in die dood toe, was die rede waarom God Hom daarna verhef het tot die hoogste eer! En dit is waarna die Hebreërskrywer verwys: Die Seun het reiniging van sondes bewerk, daarna het Hy gaan sit aan die regterhand van die Vader (dit is: Hy is verhef tot die hoogste eer, volgens Fil 2) en in die proses het Hy heerliker, meer verhewe, geword as die engele. Onthou wat daardie troonvisioen in Op 5:11-12 ons leer: Jesus is op die troon, terwyl die miljoene der miljoene engele om die troon is, en hulle besing die Lam, die Seun: "Die Lam wat geslag is, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang"! Duidelik is die Seun meer verhewe as die engele.

Beteken dit daar was 'n tyd dat die Seun minder verhewe was as die engele? Ja, dit is wat Heb 2:9 ons duidelik leer. Dit is die verstommende van die vernedering van die Seun: Hy was vir 'n kort tydjie minder as die engele – daardie kort tydjie wat Hy hier op aarde was, en veral daardie tyd wat Hy aan die kruis was. En dit is die punt wat die Hebreërs van moet kennis neem: Ja, die Jode mag redeneer Jesus was maar net 'n mens. En dit is in 'n sekere sin waar. Maar, sedertdien is Hy verhef tot die hoogste eer juis omrede Hy Hom verneder het, en Hy is ver verhewe bo die engele – dit is die engele wat nou Sy lof besing! Pasop, moenie dat die Jode julle oortuig om julle rug op Hom te keer nie!

Beteken dit dat die Seun tydens Sy vernedering nie meer God was nie? Natuurlik nie. En dit is hoekom ek aan die begin die onderskeid probeer maak het om te sê dat daar sekere aspekte van die Seun is wat altyd waar is, maar daar is ander aspekte, veral rondom Sy rol as Middelaar, wat ontwikkel het oor tyd. Altwee is waar: Tydens Sy vernedering was Hy steeds God, maar ook vir 'n kort tydjie minder as die engele. Presies hoe dit moontlik is, is vir ons moeilik om te begryp. Maar dis wat die Woord ons leer.

Vers 4b leer ons verder dat net soos wat die Seun meer verhewe is bo die engele, het Hy ook 'n Naam geërf wat voortrefliker is as hulle naam. Let op: die NAV het die feit dat Hy die Naam "geërf" het, weg vertaal. Wat is hierdie Naam wat Hy geërf het? Lees Mat 1:20-21. Met Sy geboorte het die

engel vir Josef gesê hy moet hom “Jesus” noem. “Jesus” beteken “Verlosser” of “Saligmaker”. Maar die Engel het ook vir Josef verduidelik dat die kind in Maria deur die Heilige Gees verwek is, en dat dit ‘n Seun is. Hier is dus ‘n aanduiding dat Hy Jesus is, en ook dat Hy die Seun van God is! Kom ons gaan nou terug na Fil 2:9b-11. Hier het ons dit ook: Nadat Jesus tot die hoogste eer verhef is, het God aan Hom die Naam gegee wat bo elke Naam is. Vers 10 sê dit is in die Naam van Jesus dat elke knie sal buig en elke tong bely “Jesus Christus is Here”. Onthou, “Christus” beteken “Gesalfde”. Wat almal dus sal erken is dat Jesus, dus Verlosser, is die Christus, dus die Gesalfde, en is Here, dus God. Hy het hierdie Naam geërf deurdat Hy tydens Sy vernedering Sy verlossingswerk gedoen het – dit is hoe Hy Saligmaker of Verlosser geword het, selfs die Seun van God geword het – Hy is as mens deur die Heilige Gees in Maria verwek.

Vergelyk dit met die naam wat die engele ontvang het: “Engel” beteken “boodskapper”. Ja, dis so: Maleagi noem die Seun die “Engel van die verbond”. Maar soos wat ons twee weke gelede gesien het: Die Seun is nie net ‘n beter boodskapper wat God baie beter aan ons kan bekend maak as die engele nie, Hy is boonop ook die inhoud van die boodskap wat die wese van God vir ons wys. Hy is Jesus Christus die Here, die Seun van God! Daarteenoor is die engele maar net boodskappers.

Vir watter engel het God ooit gesê: Jy is my Seun, vandag het Ek Jou gegeneer? (Heb 1:5)

Vanaf vers 5 in die res van die hoofstuk gaan die Hebreërskrywer telkens terug na die Ou Testament om daar bewyse te vind vir die feit dat die Seun meer verhewe is as die engele. In vers 5a vind ons die eerste aanhaling. Die skrywer verwys na Psalm 2:7 en vra die vraag: “Vir watter engel het God ooit gesê: Jy is My Seun, vandag het Ek jou gegeneer?” (OAV) Die antwoord op die vraag is eenvoudig: Aan geen engel nie. Die naaste wat die Ou Testament daaraan kom is in Job 38:7. Daar lees ons dat die “hemelinge” (NAV) gejubel het toe God geskep het. Die OAV vertaal “hemelinge” met die “seuns van God”, terwyl die NIV hulle beskryf as “engele”. Maar dit beteken waarskynlik niks meer as dat hulle skepsels is wat deur God geskape is en wat in God se diens staan nie. Maar met die Seun van God staan die saak heeltemal anders – trouens dit is juis deur die Seun van God dat die engele ook geskape is.

Die stelling “Jy is My Seun, vandag het Ek jou gegeneer” is ‘n aanhaling uit Ps 2:7. Ek vertrou almal is dit eens dat Ps 2 ‘n besondere Messiaanse psalm is wat oor die Seun handel. Die “Seun” waarvan gepraat word, is dus Jesus – soos wat Heb 1 dit ook gebruik. Die “Ek” wie die Seun gegeneer het, is dan God die Vader. Dit beteken dus dat ons hier die volgende lees: God die Vader sê vir Jesus, die Seun: “Jy is My Seun, vandag het Ek jou gegeneer”. “Geneer” word in Engels vertaal met “begotten”. Die DAV het dit vertaal met “verwek”. Miskien is dit die beste Afrikaanse vertaling: “Jy is My Seun, vandag het Ek jou verwek”.

Nodeloos om te sê, hierdie uitdrukking het al groot debat ontketen: Hoe het die Vader die Seun verwek? Wat beteken dit? Bestaan die Seun dan nie alreeds van die begin nie? Was daar ‘n tyd wat die Vader bestaan het, maar nie die Seun nie? Van watter dag word hier gepraat? Daar is uiteenlopende opinies hieroor. Net in die kommentare wat ek gebruik, is daar uiteenlopende opinies. Ek vind die meeste aanklank by die manier waarop Pink dit verstaan en gaan net hierop fokus – maar neem kennis daar is ander opinies ook. Kom ek probeer verduidelik:

- In die eerste plek moet ons verstaan: Jesus het bestaan vanaf die begin, nee, selfs van voor die begin. Hy het nog altyd bestaan. Hy is ewig, soos wat die Vader ewig is. Joh 1:1 is baie duidelik hieroor. Verder, kyk maar net na Heb 1:8 – hier word die Seun beskryf as God. Die uitdrukking kan dus nie beteken dat Jesus eers later begin bestaan het as God die Vader nie.

- Kom ons gaan kyk na die konteks in Ps 2 – dit is tog waar die aanhaling vandaan kom. In die psalm handel dit oor die volke wat in opstand is teen God en Sy Gesalfde (vs 2). Die reaksie van God is dat Hy vir hulle lag, en aankondig Hy het 'n Koning gesalf op Sion om die saak te hanteer (v6). Dit is natuurlik 'n verwysing na Jesus. In vers 7 is dit hierdie Koning, dus Jesus, wat sê Hy wil vertel wat die Here aankondig het, en die aankondiging is: “Jy is My Seun, vandag het Ek jou verwek”. En dan leer verse 7-8 dat hierdie Seun alles sal erf (v8) en ook sal oordeel (v9). Die punt wat ons moet raak sien is dit: Die konteks waarbinne die psalm afspeel is hier op aarde, waar die volke in opstand is. Dit is hier wat die Koning gaan kom wat deur die Here aangestel is om dit te hanteer, en dit is hierdie koning wat sê dit is in hierdie stryd, dat die Vader Hom verwek het. Hierdie stelling hou dus weer verband nie so seer met die wese van die Seun nie, maar eerder met Sy werk as Middelaar.
- Lees Hand 13:32-33. Hier word dieselfde gedeelte uit Ps 2:7 aangehaal. En Paulus gebruik die aanhaling terwyl Hy praat oor Jesus se opstanding uit die dood. Weereens word dit aangehaal in verband met Jesus se Middelaarsrol.
- In Luk 1:35 lees ons van die engel wat aan Maria verskyn het. Hy sê dat die Heilige Gees oor haar sal kom en dat die krag van die Allerhoogste in haar lewe sal verwek, en die Een wat sodoende gebore sal word, sal genoem word “Die Seun van God”.

Ek stem dus saam met Pink. Wat ons in gedagte moet hê as die Vader sê Hy het vandag die Seun verwek, is dat met die menswording van Jesus, wat alreeds vir ewig God was, was dit God wat die lewe in Maria verwek het, en so het Jesus die Seun van God geword. Ja, Hy was Maria se seun, maar ook terselfdertyd die Seun van God. Dit is omdat God die lewe in haar gewek het, dat Hy genoem word die “Seun van God”. En die punt van die Hebreërskrywer is dat God dit nooit vir enige engel gesê of gedoen het nie. Ja, Hy het hulle geskep, maar Hy het nooit op hierdie manier ooit die Vader geword van enige engel nie. Hy het wel die Vader geword van die Seun tydens Sy vernedering om sodoende mens te word.

In vers 5b voeg die skrywer by: Vir watter engel het God ooit gesê: “Ek sal Sy Vader wees, en Hy sal My Seun wees”? Hierdie is 'n aanhaling uit 2 Sam 7:14 en 1 Kron 17:13. Die situasie in hierdie gedeeltes was dat Dawid vir die Here 'n tempel wou bou, maar die Here het besluit dat dit nie Dawid sal wees nie, maar wel Dawid se seun. Natuurlik is dit eerstens 'n verwysing na Salomo wat op die ou end wel die tempel gebou het. Maar terselfdertyd het dit ook verder gekyk na die koms van die Seun van God wat die tempel van gelowiges sou bou. Weereens verwys hierdie stelling dus na Jesus as Middelaar. En let op: 1000 jaar voor Jesus se koms het God deur Natan aankondig Hy sal die Vader wees van die Seun. Hoor jy: die toekomstige tyd word gebruik: Ek sal Sy Vader wees, en Hy sal My Seun wees. Dit het gerealiseer toe die Vader die Seun in Maria verwek het deur die Heilige Gees. God het nooit iets soortgelyks vir 'n engel gesê nie, en daarom is die Seun meer verhewe as die engele.

Al die engele van God moet die Eersgeborene aanbid (Heb 1:6)

In vers 6 word na die Seun verwys as die “Eersgeborene”. Nou as ons van 'n “eersgeborenes” hoor, dink ons direk aan die oudste kind wat eerste gebore is. In die Bybel gaan die status van eersgeborene tipies gepaard met 'n posisie van eer en heerlikheid. Kyk maar na Gen 49:3 waar Ruben as die oudste beskryf word as toonbeeld van krag, die vernaamste en die sterkste. Dikwels is dit hierdie aspek wat deur die Bybel gebruik word as van 'n eersgeborene gepraat word. In Eks 4:22 word Israel beskryf as God se eersgebore seun – hulle is die vernaamste volk want hulle is immers Sy uitverkore volk. In Ps 89:28 sê die Here Hy sal Dawid Sy eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde. In Rom 8:29 lees ons dat baie uitverkies is sodat die Seun die eersgeborene

kan wees onder baie broers. Kol 1:15 beskryf die Seun as die Eersgeborene van die ganse skepping, en Kol 1:18 as die Eersgeborene uit die dood. Die punt in vers 6 is dus dat die Seun deur die engele aanbid moet word, omdat Hy hierdie besondere posisie van eer het: Hy is die Eersgeborene, die hoogste, in die skepping, Hy is die Eersgeborene, die hoogste, wat uit die dood opgestaan het of sal opstaan. Hy is die Eersgeborene, die hoogste, tussen al Sy broers wat deur die Here uitgekies is. En dus is Hy verhewe bo die engele.

Maar let op vers 6 in die OAV: “wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring”. Die DAV vertaal dit ook so. Dit is natuurlik so dat met die eerste koms van die Seun van engele vertel word wat gesing het. In Luk 2:13-14 lees ons dat ‘n menigte engele uit die hemel God besing het: “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ‘n welbehae het.” Maar let op: hulle het eerder God geprys, as die Seun; terwyl Heb 1:6 juis die feit onderstreep dat hulle die Seun sal besing. As ons dus lees “wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld bring” moet ons eerder die wederkoms in gedagte hê. In Op 5:11-14 lees ons immers van die miljoene engele wat Hom na Sy troonsbestyging besing tot met Sy wederkoms. En daar is talle Bybelgedeeltes wat die betrokkenheid van die engele beskryf met die wederkoms: Mat 13:41 beskryf die engele wat met die wederkoms uitgestuur sal word om al die ongelowiges in die brandende oond te gooi, Mat 16:27 sê die Seun van die mens gaan saam met Sy engele kom, Mat 24:31 sê die Seun sal Sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak, Mat 25:31 sê die Seun sal kom saam met Sy engele en op Sy koninklike troon gaan sit om te oordeel, en Joh 1:51: “Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe”. Duidelik is die Seun van die mens verhewe bo die engele, en hulle sal hom in aanbidding dien wanneer Hy weer kom!

Opsomming en Implikasies:

Kan ek probeer saamvat wat ons vandag bedink het:

Die Seun is verhewe. Hy is verhewe want Hy is God. Hy was dit nog altyd en Hy sal dit vir altyd wees. En dit opsig self is genoeg rede dat Hy waardig is om geëer te word. Maar daar is meer rede om die Seun te verheerlik – en dit word juis gevind in die feit dat Hy Middelaar is. Sy verhewendheid word duidelik uit die feit dat Hy Homself verneder het om hierdie rol te vervul. Hy het Homself so ver verneder dat Hy vir ‘n kort tydjie minder as die engele was, gelyk aan mense, en toe selfs nog verder tot die dood aan die kruis. Maar, juis omdat Hy dit gedoen het, is Hy deur die Vader verhoog tot die hoogste eer. Hy het gaan sit aan Sy regterhand. Nou is Hy ver verhewe bo die engele. Boonop het Hy ‘n nuwe Naam ontvang: Hy is Jesus Christus die Here, en Hy is die Seun van God. Hoe het Hy hierdie Naam ontvang? Want dit was juis met Sy menswording dat die Vader Hom verwek het as mens in Maria, terselfdertyd het Hy dus Seun van God geword, want God het Hom verwek. So het God Sy Vader geword, en Hy die Seun. God het nooit so-iets met enige engel gedoen nie! So groot is hierdie verhewendheid bo die van die engele, dat hulle tans in hulle miljoene rondom Sy troon is en Sy lof besing – en wanneer Hy weer kom sal hulle as boodskappers saamkom en Hom aanbid deurdat hulle Sy werk sal doen deur al die ongelowiges in die brandende oond te gooi, en die uitverkorenes bymekaar te maak – sodat Hy die Eersgeborene onder hulle sal wees.

Ek wil graag ons verwondering hieroor verder aanwakker deur weereens te verwys na wat Saphir geskryf het en soos wat Pink dit aanhaal. Ek haal selektief gedeeltes aan en vertaal dit vrylik. Saphir vra:

- Is dit meer verstommend om die Seun van God in Betlehem in die krip te sien, of om die Seun as mens aan die regterhand van die Vader te sien?

- Die hoëpriester het een maal per jaar in die Allerheiligste ingegaan. Maar wie sou dit waag om daar te bly langs die gerubs waar die heerlijkheid van God verskyn het? Wel, Jesus het. As die Seun van die mens, het Hy opgevaar en gaan sit op die troon gekroon met heerlijkheid en majesteit.
- Dit was relatief maklik vir die Seun om aarde toe te kom (dit is nou as ons so 'n uitdrukking durf maak oor een van die grootste wonders), maar dit was moeiliker vir Hom weer terug te gaan hemel toe – Hy kon dit alleen doen deur lyding en deur Sy sterwe aan die kruis heen.
- Hy het nie opgevaar soos wat Hy gekom het nie – Hy het gekom as God, maar Hy het opgevaar as God en mens. Toe Hy gekom het, het Hy alleen gekom – as die goeie Herder. Maar toe Hy opgevaar het, het Hy gegaan as die goeie Herder met die skape op Sy skouers. Dit was alleen toe Hy reiniging bewerk het vir ons sondes, dat Hy kon gaan sit aan die regterhand van die Vader. Toe is Hy deur die Vader verhef tot die hoogste eer, en is aan Hom 'n Naam gegee wat groter is as enige ander naam.

Ja, die Seun was alreeds verhewe sedert die begin. Maar die verhewendheid word in besonder uitgelig deur Sy Middelaarswerk. Alhoewel Hy gedurende hierdie werk vir 'n kort tydjie minder gemaak is as die engele, is He sedertdien deur God verhef tot die hoogste eer. Dit beteken onder andere die Seun is ver verhewe bo die engele. En daarom is Hy waardig om erken te word as die Een wat aanbiddenswaardig is. Mag ons nooit ons rug op Hom draai nie. Mag ons in absolute verwondering bly staan oor Sy heerlijkheid.